# Die dogmatiese binding van die prediking

TFJ Dreyer

**Abstract**

**The confessional binding of preaching**

The preacher as an ordained minister of his church is bound by the church confessions. This confessional binding has a certain influence and restriction on his preaching. This research is an attempt to evaluate the influence of the confession of the church on the process of hermeneutical understanding and preaching.

## 1. INLEIDING

Bogenoemde tema kan vanuit verskillende perspektiewe benader word. Die gekose perspektief sal dan ook bepalend wees vir die klem wat in so 'n ondersoek gelê sal word. Vanuit 'n dogmatiese perspektief sal waarskynlik klem gelê word op die vraag of dogmatiese uitsprake wel op die prediking betrekking het en indien wel, wat die dogmatiese implikasies daarvan vir die prediking is? Die tema kan ook kerkregtelik benader word. In die geval sal daar meer klem gelê word op die kerkregtelike posisie van die dienaar van die Woord wat 'amptelik' die Woord moet verkondig en daarom ook gebind is aan die voorskrifte en dogmas van die kerk. Daar is ook 'n prakties-teologiese perspektief en meer gepresiseerd 'n homiletiese perspektief. Dit is juis vanuit 'n homiletiese gesigpunt wat ons die tema wil behandel. Vanuit 'n homiletiese visie kom daar weer ander eiesoortige aksente en vrae na vore. Die mees kardinale vraag vir die homiletiek is: Watter praktiese implikasies bring die dogmatiese binding vir die hermeneutiese proses wat hom in die preekgebeure afspeel, teweeg? Dit is juis rondom hierdie genoemde probleemstelling wat ons homileties na riglyne wil soek, sonder die pretensie dat finale oplossings gevind sal word.

Om hierdie probleem te ontleed is dit nodig om eers kortliks 'n begripsbepaling van die begrippe dogma, binding en prediking te maak. Vanuit die begripsbepaling kan ons dan probeer vasstel wat die dogmatiese binding in die hermeneutiese proses inhou en laastens 'n poging aanwend om dit in die praktyk van die preekgebeure toe te pas.

## 2. BEGRIPSBEPALING

### 2.1 Die dogmatiese

Vanuit die denkskema van die dogmatiese binding van die prediking moet die begrip 'dogmatiese' eers nader gedefinieer word. Daarna word daar na die konsekwensies van so 'n binding vir die prediking gevra.

Wethmar (1977) het in sy doktorale dissertasie die verskynsel van dogma en dogmavorming grondliggend ondersoek. Hy maak die stelling dat die begrip dogma in ons spraakgebruik 'n pejoratiewe betekenis verkry het en blykbaar ongeskik is om in enige positiewe verhouding tot die term aktualiteit te staan. Die term word geassosieer met houdinge soos bekrompenheid, onvryheid, onmondigheid, starheid en irrasionaliteit (Wethmar 1977: 9). Hy toon oortuigend aan dat die belydenis van geloof as die oervorm van die latere kerklike dogma gedien het. ''n Mens sou dus kon sê dat die dogma in sy oorspronklike vorm 'n morfologiese integrale geloofsuitspraak is' (Wethmar 1977: 266). Die gestalte waarin die Christelike geloof geformuleer word in terme van die verstaansvooronderstellinge van 'n bepaalde verstaanshorison is dit wat 'n mens dogma kan noem.

Binne die Roomse teologie het die dogma-begrip 'n juridiese karakter begin kry. Dit is 'n dogma-opvatting waarvolgens die dogma deur die kerklike leeramp 'n *iure divino* geformuleerde uitspraak is wat as sodanig dan die onfeilbare weergawe van 'n geopenbaarde waarheid sou wees. Teenoor so 'n uitspraak kan die geloof alleen maar formele gehoorsaamheid wees (Rossouw 1963). Dit is opmerklik dat die Reformatore die term dogma ook suinig gebruik het en in plaas daarvan van *doctrina*, *confessio*, ensovoorts gepraat het. Hulle beweeg dus weg van die dogmatisme van Rome. 'Die dogma volgens Reformatoriese visie het steeds 'n onafsluitbare openheid na vore gebring' (Wethmar 1977: 138). As gefikseerde neerslag van die kerklike leer geld vir die Reformatoriese kerke nog steeds die aanvanklike belydenisse (*confessio*) uit die tyd van die Reformasie. Die kerklike leer in die Reformatoriese sin van die woord laat sy gesag langs die hermeneutiese weg van die uitleg geld.

Die kategorie 'die dogmatiese arbeid van die kerk' is dus die voortdurende telogiese arbeid om in elke nuwe tyd die hermeneutiese funksie van die verstaan van die belydenis van die kerk as antwoord op die Woord van God te vervul. Hierdie belydenis moet binne elke nuwe verstaanshorison vertaal en vertolk word. Dit was veral die denke van

Gerhard Ebeling (1962: 18) wat daarop klem gelê het dat die teologie hermeneuties van aard is en moet wees. Dit is die taak van die dogmatiek om die boodskap nuut in die voorstellingswêreld en denke van die eie tyd te formuleer. 'Hoe kan vasgestel word of die beskouinge van 'n bepaalde persoon in ooreenstemming is met dié van die belydenisskrifte? Die blote ondertekening van 'n belydenisformulier, sê Ebeling, hoef nie noodwendig uitsluitsel te gee nie. 'n Dergelike ondertekening kan ewe maklik uit 'n gebrek aan gewentensvolle omgang met die belydenisskrifte spruit as wat met 'n gladde verwerping daarvan die geval is. Werklike ooreenstemming met die belydenisskrifte kan alleen dan bevestig word wanneer die inhoud daarvan opgeneem word in selfstandige teologiese uitsprake' (Wethmar 1977: 256).

As ons dus praat van die dogmatiese binding wil ons dit in die lig van die hermeneutiese funksie wat Ebeling aan die dogmatiek in besonder en die teologie in die algemeen toeken, interpreteer. Die belydenisse as die gefikseerde leer van die kerk sal voortdurend in elke nuwe tyd opnuut verstaan en vertolk moet word. Belydenis is nooit 'n statiese gebeure nie, maar 'n dinamiese gebeure binne elke tyd. Die kategorie van die dogmatiese sal dus ook voortdurend vir die prediking as kerugma 'n hermeneutiese funksie vervul.

## 2.2 Die prediking

As ons vanuit homiletiese perspektief oor die prediking praat, moet ons dit nader omskryf as die amptelike kerklike verkondiging binne die ruimte van die Christelike erediens. Ons gaan ons dus toespits op een bepaalde faset van die kerklike verkondiging, naas ander modi van 'amptelike' en 'nie-amptelike' verkondiging. Daar is bepaalde voorwaardes wat geld voordat 'n persoon toegelaat word om amptelik binne die erediens te preek. In kort kom die bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk daarop neer dat alleen 'n geordende bedienaar van die Woord, onder opsig van die ouderlinge daartoe bevoeg is. Om te preek is dus nie die willekeurige onderneming van die individu nie, maar is 'n onderneming vanuit 'n gebondenheid aan en opsig van 'n bepaalde kerk en kerkraad. Wat hierdie gebondenheid en voorwaardes behels, sal ons later nader ondersoek. Hier wil ons slegs formeel die prediking kwalifiseer as die amptelike kerklike verkondiging binne die ruimte van die erediens.

'n Verdere onderskeid wat hier ter sake is, is dat prediking nie gelyk is aan eksegese nie. 'Eksegese is die vasstelling van wat die Heilige

Skrif sê. Prediking is die verkondiging van die Woord van God volgens die Heilige Skrif. Eksegese is nie prediking nie. Die beweging van die eksegese af na die prediking toe is 'n beweging van die tyd en situasie van die Bybelteks af na die tyd en situasie toe waarin die prediking geskied' (Oberholzer [1974]: 130). Die eksegese is primêr op die teks (perikoop) en sy betekenis binne die makro- en mikrostruktuur van 'n bepaalde historiese korpus gerig. Hiermee wil ons nie die eksegese van die totale hermeneutiese proses losmaak en skei nie. Tereg sê Van Aarde (1984: 127): 'Die weg van die teks na die preek is daarom die pad wat die hermeneut as homileet moet gaan. Daar is nie 'n plek op hierdie pad waar die een soos 'n aflosatleet by die ander oorneem nie. Die homileet is met ander woorde nie iemand wat maar net van die resultate van die eksegese gebruik maak nie.' Alhoewel die prediking as 'n hermeneutiese gebeure 'n geïntegreerde proses is, is die aanvanklike gerigtheid van die eksegeet bloot die teks. Die eksegeet het ten doel om te bepaal wat die teks in sy oorspronklike situasie wou en wil sê. Die eksegese wil dus die teologiese kerugma van die teks vanuit sy historiese gegewenheid distilleer. Om dit eerlik te doen is nodig dat die eksegeet met hierdie spesifieke teks besig sal wees en hom, sover dit moontlik is, nie deur ander invloede van buite die teks te laat beïnvloed nie. Hy wil dus die kerugma van hierdie bepaalde teks ontsluit. Die homileet wil egter verder as dit gaan. Hierdie teks is 'n preekteks – dit is kerugma wat geskied het, maar weer dinamies in die woordgebeure van die prediking in die lewenswerklikheid van die hier en nou sal geskied (Ebeling 1962: 14–18). Prediking is dus nie net 'n blote herhaling van die teks nie, omdat die kerugma nou in 'n ander verstaansituasie moet geskied (Pieterse 1979: 37). Vir hierdie interpretasie en vertolking van die kerugma vanuit die historiese verstaanshorison na die verstaanshorison van die hier en nou, is 'n dogmatiese besinning as 'n teologiese en hermeneutiese onderneming nodig. Hier moet die dogmatiese dus meespreek om te bepaal hoe die gelowige hier en nou die kerugma moet verstaan en beleef.

Die prediking is ook nie net bloot die prediking van een bepaalde teks nie, maar dit is primêr diens van die Woord in sy volheid en onderlinge samehang. 'n Fundamentele veronderstelling vir die prediking is dus dat daar in hierdie Woord wat hy verkondig 'n bepaalde samehang, sisteem en verband sal wees. Die prediking vra met ander woorde na die wyer teologiese verband waarbinne die betrokke teks in die dogmatiese besinning van die kerk funksioneer. Engelbrecht (1982: 62) stel dit soos volg: 'Om hierdie taak van deurdringing tot die Gods

Woord, via die Skrifwoord te volvoer, is eerstens nodig dat hierdie bepaalde Skrifwoord in sy verband gesien sal word met die geheel van die Bybelboodskap ...' Hoe hierdie verhouding in die hermeneutiese proses funksioneer, sal ons later bespreek.

### 2.3 Die binding

Die binding van die prediker aan die kerklike belydenisskrifte spreek helder en duidelik uit die inhoud van die formule wat deur voornemende bedienaars van die Woord van die Hervormde Kerk onderteken moet word alvorens hulle binne die Kerk gelegitimeer en beroepbaar gestel word.

> 'Uit die staanspoor is binding aan die Belydenisskrifte (die "kerklike" dogmatiek) duidelik: die nuwe bedienaar van die Woord "glo" dat die leer van die genoemde drie Formuliere van Enigheid "in ooreenstemming is met die Woord van God". **Omdat** (*quia*) hy/sy só "glo", word dit onderteken. Hier is geen sprake van 'n *quatenus*-ondertekening ("in soverre as") nie. Die ondertekenaar aanvaar op daardie oomblik **dat** dit so is dat die leer (belydenis) van die Nederduitsch Hervormde Kerk wel deeglik in ooreenstemming met die Woord van God **is** en 'n binding aan hierdie leer daarom legitiem is' (Booysens s a : 47).

die Kerk 'n persoon op grond van sy binding aan die belydenisse van die Kerk legitimeer en beroepbaar stel. Daarom het ons aan die begin gestel dat prediking nie 'n willekeurige saak of onderneming is nie. 'n Geordende dienaar van die Woord is kragtens sy legitimasie aan die kerklike belydenis gebonde. Hierdie amptelike prediking geskied ook altyd onder die opsig van die ouderlinge. In die bevestigingsformulier vir die ouderlinge word dan ook in soveel woorde gesê: 'Dit is hulle amp om veral oor die **leer** en wandel van die bedienaars van die Woord opsig te hou, sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen **vreemde leer** voorgedra word nie' (eie beklemtoning). Die Kerk wil hom dus daarvan vergewis dat die prediking binne die grense van die kerklike leer (of belydenis) sal geskied.

Ons moet hier egter 'n duidelike onderskeid tussen die Reformatoriese en Roomse beskouing aangaande die gebondenheid aan die kerklike leer tref. 'Die gesag van hierdie so geformuleerde "belydenis", "dogma" of "credo" het nie 'n **absolute** verpligtende geldigheid, soos in die Rooms-Katolieke Kerk nie' (Booysens s a: 50). Die Heilige Skrif bly

nog steeds die hoogste norm. 'Die kerklike leer in die Reformatoriese sin van die woord laat sy gesag langs die hermeneutiese weg van die uitleg geld' (Wethmar 1977: 261). Ter wille van die orde in die Kerk word die prinsipiële openheid van die kerklike belydenis nie binne die kader van die amptelike prediking in die gemeente geskep nie, maar via die weg van 'n kerklike gravamen. Die preekstoel is dus nie die platform waarvandaan die prediker die kerklike belydenis bevraagteken nie. Hier tree hy op as dienaar van die Woord, gebonde volgens sy legitimasie aan die grense van die belydenis van die Kerk. In sy akademies-eksegetiese arbeid soek die teoloog na die waarheid van God se Woord. In die prediking verkondig hy die waarheid. 'Verkondiging is die ter sprake kom van die Woord Gods. Kerklike leer is die belydende ter sprake kom van die Woord Gods. Teologie is die wetenskaplike ter sprake kom van die Woord Gods' (Wethmar 1977: 254).

Karl Barth lê in sy homiletiek (1966: 47–50) baie klem op die belydenisgebondenheid van die prediking: 'Die Predigt kann nicht anders geschehen als nach der Norm der in der Kirche geltende Bekentnisse. Jede Predigt kann nichts anderes sein als ein akt der Verantwortung gegen den Ruf, eng angeschlossen an das Symbol' (Barth 1966: 49). Jonker (1973: 108) stel dit soos volg: 'Verantwoorde prediking is belijdende prediking ... Wie het belijdend karakter van de prediking ontkent of negeert, kant meestal terecht in een bodemloos subjectivisme ...' Dijk (1955: 111) pleit ook daarvoor dat die prediking aan die belydenis gebonde moet wees: '... en de gemeenten mag eisen, dat de preken, die in haar midden gehouden worden, met de belijdenis overeenstemmen.' Binne die geledere van die Hervormde Kerk het De Wet ([1965]: 42) dit so geformuleer: 'Daarom fungeer die leer as gids en grens vir die verkondiging.'

Vanuit bogenoemde sitate is dit duidelik dat daar in Reformatoriese geledere eenstemmigheid is dat die prediking aan die belydenis van die kerk gebind is. Die stelling word egter problematies indien gevra word na die wyse en metode waarop dit binne die hermeneutiese proses van die prediking realiseer. Haendler (1960: 112) het die probleem raakgesien toe hy gesê het: 'Die bedeutung des Bekenntnisses für den Prediger und für die Predigt kann nicht van den objektiven geltenden Normen her ermessen werden. Denn sie bestimmt sich nicht durch die Tastsacy, dass der Prediger dem Bekenntnis seiner Kirche verplichtet ist, sondern durch die Art, wie er dieser Verpflichtung nachkannt.'

Dit is juis aan hierdie probleem wat ons ten slotte ons aandag wil

wy. As ons aanvaar dat die prediking 'dogmaties' gebind is, op watter wyse sal dit dan in die prediking tot uiting kom? Dit blyk dat teoloë in die verlede van die vraag weggeskram het en bewustelik of onbewustelik nagelaat het om dit verder metodies uit te werk.

## 3. DIE HERMENEUTIESE BETEKENIS VAN DIE DOGMATIESE BINDING VAN DIE PREDIKING

Die dogmatiese binding van die prediking kan maklik aanleiding gee tot 'n dogmatiese tipe van prediking, waarteen met reg beswaar gemaak kan word. Hierdie dogmatiese prediking laat die teks in baie gevalle buikspreek omdat sekere dogmatiese vooronderstellings eenvoudig in die teks ingelees word (Dijk 55: 116; Engelbrecht 82: 60). 'Wanneer eksegese in die lig van onwankelbare dogmas gedoen moet word, altyd met die wete dat hierdie dogmas in die eksegetiese arbeid onderskraag móét word ... Dan vra ons nie meer wat sê die Skrif alléén nie, maar laat ons die Skrif buikspreek via die onfeilbare dogma' (Booysen s a: 52). Hierdie dogmatiese of dogmatistiese wyse van prediking wil ons afwys.

Wanneer ons hierdie dogmatistiese prediking afwys, wil ons nie daarmee beweer dat 'n homileet in sy omgang met 'n teks geheel en al objektief sonder enige dogmatiese vooronderstellings is nie. Dit is met ander woorde nie 'n vraag of daar 'n polariteit tussen belydenis en prediking bestaan nie. Die polariteit is daar en funksioneer wel. Die vraag is egter op watter wyse hierdie polatiteit funksioneer. 'n 'Voraussetzungslosigkeit' kan nie by die eksegese vermy word nie, maar 'n 'Vorurteilslosigkeit' kan wel vermy word (Jonker 1973: 119). In die woorde van Jonker (1973: 120) kan hierdie dialogiese polariteit tussen Skrif en belydenis voorgestel word in die vorm van 'n ellips met die twee brandpunte wat wedersyds korrigerend op mekaar inwerk.

In praktyk beteken dit dat die homileet sy teks nie sonder enige vooronderstellings sal benader nie, maar wel sonder vooroordeel; met ander woorde, hy moet die openheid behou dat hy deur die eksegese gekorrigeer kan en mag word. Dit gebeur dikwels dat die tekskeuse alreeds plaasvind as gevolg van sekere teologies-dogmatiese vooronderstellings. Deur die eksegese kan hierdie vooronderstellings as vals ontbloot word. As dit gebeur, sal die eksegeet bereid moet wees om hom deur die eksegese te laat korrigeer ten opsigte van sy voorafingenome beskouing van dié bepaalde teks.

Die homileet sal dus so onbevange as moontlik vanuit eksegetiese

oogpunt probeer bepaal wat die teks wil sê. Wanneer hy ook as gelowige met die teks omgaan, sal hy deur die kerugma van die teks aangespreek word. Daardie historiese teks sal weer die lewende Woord word wat hom aanspreek. Hy sal dus die kerugma van die teks vanuit sy historiese 'Umwelt' abstraheer. In hierdie eksegetiese voorfase moet hy so ver moontlik die teks self laat spreek deur middel van die teksimmanente en literêr-historiese eksegese (vgl ook Engelbrecht 1982: 60). Die blote herhaling van die teks is egter nog geen prediking nie. Hierdie kerugma van die teks moet nuut in die verstaanshorison van die hier en nou vertolk word. Dit is in hierdie verwoording en vertolkingsproses waar die dogmatiese kategorie 'n hermeneutiese funksie vervul. 'Met die kategorie van die hermeneuties-dogmatiese word dus 'n dinamiese fenomeen aangedui' (Wethmar 1977: 268). As die dogmatiese gesien word as die verstaan en vertolking van die Kerk se belydenis in 'n bepaalde verstaanswêreld, sal dit dus meespreek wanneer die homileet hierdie kerugma moet gaan verwoord in sy tyd. Hierdie kerugma van die teks sal hy moet gaan interpreteer in die wyer eenheid en verband van die Skrif. Loader ([1978]: 16) verduidelik dit aan die hand van Psalm 113. Die eksegese van Psalm 113 het die kerugma en die teologiese essensie van dié teks ontbloot: 'Gods eer bestaan daarin dat hy ellendiges verhef. Hy bemoei Hom met sosiale en ekonomiese swakkelinge; dit is iets wat van die mens se kant deur lof omspan moet word.' Hierdie kerugma van die teks moet nou in 'n nuwe verstaanshorison verwoord word. Vanuit die dogmaties-hermeneutiese kategorie kan die '... lig van Christus retrospektief, vanuit die volheid van die tyd, teruggegooi word op die spesifieke gedagtepatroon wat ons onbevange eksegeties vasgestel het' (Loader [1978]: 16).

Die dogmatiese binding van die prediking impliseer dus nie dat die homileet vanuit 'n bril van dogmatiese vooronderstellings die teks benader nie, maar dit vervul die hermeneutiese funksie van die vertolking van daardie kerugma in 'n nuwe verstaanshorison. Die belydenisskrifte as die gefikseerde neerslag van die leer van die kerk en die dogmatiese en hermeneutiese besinning oor daardie leer is dus vir die homileet die riglyn en grens vir sy verwoording van die kerugma in 'n nuwe tyd.

In die lig van wat hier gesê is, lê daar uit die aard van die saak die verantwoordelikheid op die ganse teologie, en die dogmatiek in die besonder, om hermeneutiese teologie te wees. Dit wil sê, dit moet funksioneel ten dienste van die prediking wees. Dit moet derhalwe die

kerugma binne elke tyd, as refleksie van die belydenis van die kerk deur die eeue, vertolk.

Die moontlikheid bly steeds oop dat die eksegetiese arbeid van die homileet die kerklike belydenis en sy dogmatiese verstaan mag bevraagteken en korrigeer. Die weg waarlangs dit geskied is kragtens sy legitimasie nie via die prediking nie, maar via die kerklike gravamen.

**Literatuurverwysings**


BARTH, K 1966. *Homiletik*, Zürich: EVZ.

BOOYSEN, DJ et al s a. *Die Prediking: 'n Bundel opstelle*. Pretoria: NHW.

DE WET, JI [1965]. Die leer van die Kerk. *HTS* 21/2 + 3.

DIJK, K 1955. *Die dienst der prediking*. Kampen: Kok.

EBELING, G 1962. *Theologie und Verkündiging*. Tübingen.

ENGELBRECHT, BJ 1982. Wat is die reg en die vryheid van die eksegeet? in *Versamelde opstelle*, Deel 2. Pretoria: Universiteit van Pretoria, 51-67.

HAENDLER, O 1960. *Die Predigt*. Berlin: Topelmann.

JONKER, H 1973. *En toch preken*. Nijkerk: Callenbach.

LOADER, JA [1978]. Gedagtes oor gekontroleerde eksegese *HTS* 34/1 + 2, 1–40.

OBERHOLZER, JP [1974]. Eksegese en prediking. *HTS* 30/3 + 4, 129–137.

PIETERSE, HJC 1979. *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: NGKB.

ROSSOUW, HW 1963. *Klaarheid en Interpretasie. Enkele probleemhistoriese gesigpunte in verband met die leer van die duidelikheid van die Heilige Skrif*. Amsterdam.

VAN AARDE, AG 1984. Die weg van die teks na die preek. Die verkondiging van die Nuwe Testament as 'n kommunikasie-gebeurtenis. *HTS* 40/1, 123–140.

WETHMAR, C J 1977. *Dogma en verstaanshorison*. Amsterdam: Rodopu.